

## **Van die lessenaar**

### ***Terwyl AGOA se verwikkeldheid en invoere ons beduiwel, is daar voortuitgang aan die uitvoerkant***

Alle oë is opwaarts gerig terwyl El Nino die nagevolge van sy strome in ons lugruim uitstoot. Die moontlikheid vir 'n goeie mielie-oes raak al minder, maar dit is nog te vroeg om vir 'n ramp voor te berei. Wie se ramp is dit in elk geval? Die mielie-oes was verlede jaar sowat vier miljoen ton minder weens die droogte, maar die totale inkomste van mielieverkope was net R1 miljard minder. Verbruikerskoste was meer as R8 miljard hoër. Ons, en alle verbruikers loop deur. Net sekere mielieboere het swaar gekry en ander het 'n rekord finansiële jaar gehad. Die ander kant van die stelling is dat die spekkeleerders en nie die boere nie voordeel uit die hoër pryse getrek het. Wat kan ons aan die regering voorstel om dit te verander?

Wêreld Voedingsdag is verlede maand in the parlement en elders in Suid-Afrika gevier. Dit is hartseer dat honger steeds in baie dele van die wêreld, insluitende Suid-Afrika voorkom. Dit is selfs meer teleurstellend dat ons nog reg oor die land sukkel om eiers in die skole se voedingskemas te kry. Die tirade rondom individuele vinnig-gevroesde stukke sal tot 'n selfs swakker voedingstatus vir Suid-Afrikaners lei as ons onsuksesvol is om sinvolle pekelwater-regulasies in plek te stel.

### ***Nuwe organisasies***

Ek is bly om te kan berig dat SARS die hersiene SAPV-grondwet goedgekeur het. Ons het dit geïmplementeer deur die geskrewe besluite wat die nuwe komitee vroër onderteken het. Aan almal wat op die vorige komitees gedien het, dankie vir julle diens. Baie werk wag op die van julle wat op die nuwe komitees gaan dien.

Beide komitees sal in November vir hul eerste vergaderings ontmoet en die nuwe raad daarna. Die begroting is by beide komitees en alle lede word aangemoedig om dit met hul komiteeledes te bespreek. Die nuwe finansieringsstelsel van die Eier-organisasie het gesorg dat sommige produsente as lede teruggekeer het. Baie meer moet nog volg as ons so verteenwoordigend as moontlik wil wees.

Volgende jaar se Jaarlikse Algemene Vergadering sal waarlik demokraties wees, omdat die aanvanklike groep komiteeledes uit die "ou" leiers gekies is. Leierskapsposisies gaan binnekort oop vir lede wat belangstel. Die nuwe Tegnieese Komitee het die kundigheid van bereidwilligers nodig. Christopher Mason sal oor die volgende paar maande met lede kontak maak terwyl ons die samestelling van die verskillende tegnieese werkgroepe en komitees finaliseer.

### ***SAPV strategie***

Ons is nog besig om die posisies van Senior Bestuurder en Direkteur: Produkontwikkeling en Bestuursvereniging te vul. Ek het onderhoude met 'n paar kandidate gevoer om te help met die kortlys. Sodra ons genoeg kandidate vir beide posisies het, sal die onderhoudspaneel hulle sien. Ons hoop dat die posisies nog dié jaar gevul kan word, of andersins vroeg volgende jaar. Die SAPV se sekretariaat is dan volledig.

Die arbeidsgeskille met van die vorige werknemers duur voort met elkeen in 'n verskillende stadium van die proses. Dit is altyd moeilik om te skat hoe lank dit sal vat om op te los of wat die uitkoms sal wees. Ons is van mening dat dit nie die jaar sal gebeur nie.

Ons het deur die geskille ontdek dat die naam van die Ontwikkelende Pluimveeboere-organisasie (OPBO) deur sommige partye wanaangewend is. Ek wil dit graag duidelik maak dat die OPBO deel

van die SAPV is. Kontak my asseblief direk indien julle van enige geval hoor waar die naam misbruik word om sommige partye se eie agendas te bevorder. Die veranderinge in die SAPV is onder andere ontwerp om kleinboere beter in die waardeketting in te sluit, nie om hulle uit te sluit nie. Dit is baie teleurstellend dat mense dink hulle kan op só 'n manier voordeel uit die vereniging trek.

'n Vergadering sal in November vir die Transformasie-komitee belê word om 'n aksieplan vir die bedryf saam te stel. Ons kan die bedryf nie op enige gekoördineerde wyse vorentoe laat beweeg sonder 'n duidelike plan van aksie nie.

Een van die vermeende gapings in die SAPV se begrotingsplan, is die aard en aanwending van openbare betrekkinge wat ons behoort, of nie behoort te hê nie, as deel van die aktiwiteite in die begroting. 'n Besprekingsdokument is saamgestel wat in die komende Komitee- en Raadsvergaderings onder oë geneem sal word. Indien die leiers besluit om dié voorstel te oorweeg, sal 'n wysiging aan die begroting nodig wees.

## **Handel**

Wat ek ookal oor AGOA skryf is waarskynlik vervang deur werklike gebeure teen die tyd dat julle dié lees. President Obama se besluit, gegrond op die buite-siklus hersiening wat aan die einde September voltooi is, sal waarskynlik in November bekend gemaak word. Daar is heelwat moontlike uitkomstes, met net twee waarskynlikes: ons bly onaangeraak, of ons word 'gestraf' omdat ons nie aan die vereistes van die VSA voldoen nie. Aangesien AGOA 'n geskenk aan Suid-Afrika is kan Amerika eis soos hulle goeddink en ons kan dit aanvaar of verwerp. Ons kan nie eise aan hulle stel nie, ons kan wel versoeke voor hulle deur plaas.

Die goed waaroor die VSA nou kla – sanitêre en fitosanitêre (SPS) kwessies oor bees, vark en hoender, is meestal oues wat jare gelede opgelos kon gewees het indien daar belangstelling was. Suid-Afrika het sy beperkinge rondom malkoësiekte in beesvleis verslap en die terme van die veeartsenykundige sertifikaat tussen die lande moet opgelos word. Ditto vir die varkbedryf, wat 'n lys van snitte wat aanvaarbaar is vir uitvoer voorberei het wat nou wag vir goedkeuring van Amerika af. 'n Paar ander lande, insluitende Kanada wat 'n buurland van Amerika is, voer varksnitte na Suid-Afrika toe uit, so die vereistes van die DvLBV kan nie te moeilik wees nie.

Dit los die hoenderbedryf. Pogings om die dele oor salmonella in ons veeartsenykundige sertifikaat te verswak, word nie aangemoedig nie. Ons moet bewys dat alle uitvoerders en plaaslike produsente dieselfde behandel word. Amerika kan nie verwag om uitgesonder te word nie. Invoere wat met salmonella besmet is is gevaarlik vir beide produsente en verbruikers en die voorkoms daarvan moet so goed moontlik beheer word. Die verstreking van voëlgriep is 'n ander saak. Dit is in meer as 40 afsonderlike gevalle van wilde voëls af na Amerikaanse pluimvee-kuddes oorgedra. Dit is verder van die besmette dele af deur onder andere mense beweging versprei sodat meer as 200 plekke uiteindelik besmet was. Indien Amerika al die inligting aan die DvLBV gee en in die formaat wat hulle nodig het, kan die DvLBV 'n behoorlike risiko-evaluering doen. Die vereistes wat Amerika stel vir verstreking is volledig en vereis dat 'n gebied besoek word voordat 'n streek goedgekeur word. So wie gaan elke keer vir die DvLBV betaal om Amerika toe te gaan as 'n streek goedgekeur moet word? 'n Mens moet onthou dat verstreking ná 'n uitbraak gedoen word, anders as kompartemente wat vóór 'n uitbraak geregistreer word. Die veeartsenykundige owerhede is waarskynlik baie besig tydens 'n uitbraak en het nie tyd vir besoeke van buitelandse amptenare nie. Die voëlgriep-verbod het min uitwerking omdat daar so min handel voor die uitbrake was. Amerika poog om nie op behoorlike kommersiële terme uit te voer nie, maar om te stort, en ons het teenstortingstariewe in plek om dit te beheer. Daar is geen waarborg dat verder uitbrake in Amerika sal voorkom nie – 'n ramp wat ons hulle nie toewens nie – en die huidige uitbrake behoort ten volle opgelos te wees teen die tyd dat die kwotas vir teenstortingstariewe van krag word.

Die konsepriglyne vir die implementering van die kwotas, waaroor ons probeer het om 'n ooreenkoms met ons Amerikaanse vennote te finaliseer, is deur Itac gepubliseer. Na ons mening is die riglyne te vroeg en ons gaan voort om die ooreenkoms met ons Amerikaanse eweknieë te probeer finaliseer. Die riglyne bepaal dat 'n gedeelte van die kwota aan nuwe HDI-invoerders toegeken word. Ons ondersteun enige regeringsaksie wat minstens 'n deel van die skade wat ons gaan ly in 'n goeie sosiale doel kan omswaai.

Die Namibiese saak is weer vertraag met die uitspraak oor die tussentydse aansoek wat tot in November uitgestel is. Dit verminder die moontlikheid van die beplande verhoor in Desember nog meer as wat ek verlede maand gedink het.

Wiesenhof, die groot Duitse maatskappy daag verskeie partye, insluitende ons voor die hof om die teenstortingstariewe wat hulle opgelê is te betwis. Ons het ons voorleggings voorberei en hulle sal waarskynlik in November daarop reageer. 'n Hofdatum sal waarskynlik in die eerste helfte van volgende jaar gestel word. 'n Soortgelyke saak wat deur die Vereniging vir Vleis Invoerders en Uitvoerders ingedien is om die regte van Minister Davies te betwis om teenstortingstariewe in te stel, sal ook volgende jaar in die hof draai. Albei die gevalle sal die sukses van ons deurlopende handelsverdedigingsaksies beïnvloed, daarom spandeer ons heelwat tyd om te verseker ons argumente is deurdag en oortuigend. As ons die vermoë verloor om teen die storters van die wêreld op te tree, sal dit inderdaad 'n donker dag wees.

Meer doeltreffende optrede teen die EU is nodig indien ons geleenthede vir ons bedryf in Suid-Afrika wil skep. Invoere hou aan styg en sal na verwagting teen Desember die hoogste nóg per jaar wees. Dit is ook so, gemeet teen 'n jaar tot jaar basis.

Die eerste vergadering van die SAPV Uitvoerforum het verlede maand plaasgevind. Ons het 'n prioriteitslys saamgestel van uitvoerbestemmings vir eiers en vleis. Dit sal by die komende komiteevergaderings bevestig word. Daar is 'n paar areas waaraan ons moet werk om ons kansen vir marktoegang te verbeter. Omdat die meeste hiervan deur die Produkontwikkeling en Bestuursvereniging hanteer word, vorder dit natuurlik nie so vinnig soos ons graag sou wou nie weens die afwesigheid van 'n persoon om die agentskap te stuur.

Ons het met die Amerikaanse ambassade gesels oor die prosesse wat nodig is om toegang tot hulle markte te kry. Ons kan maklik bevrore borsies of ander snitte aan hulle verkoop as ons die SPS hindernisse kan oorkom. Dit gaan 'n tydjie neem om te voltooi, maar ek vertrou ons veeartsenykundige beheerstelsels. Amerika verwag dat Suid-Afrika kan demonstreer dat ons stelsels gelyk aan hulle s'n is in terme van veiligheid en resultate. Ek glo ons kan dit doen.

### ***Pekelwater***

Die pekelwater-regulasies wat binnekort gepubliseer gaan word gee opnuut stukrag om dié lang staande saak op te los. Minister Zokwana het ooreengekom dat ons tegniese verbintenisse met sy span moet hê. Betrokkenheid beteken dat ons verskeie standpunte bespreek en probeer om saam te stem oor die behoorlike interpretasies daarvan. Dit beteken nie hope verlate inligting op 'n lessenaar en miskien 'n erkenning van ontvangs nie. Dit sal in November begin. Ons almal het 'n gevestigde belang in die beslissing oor die regulasies en die oplossing van die dooiepunt tussen die DvLBV en ons hieroor.

Ons pogings om toegang tot die rou data te kry waarop die DvLBV hulle besluite grond word steeds gekortwiek deur die drie instansies wat daarby betrokke is: die Universiteit van die Vrystaat, die Tshwane Universiteit van Tegnologie en die Landbounavorsingsraad. Ons gebruik die proses in die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting om die inligting te probeer bekom, maar is tot dusver onsuksesvol. As die navorsers werklik in die kwaliteit en resultate van hulle werk glo, verstaan ek nie die onwilligheid van die instellings om aan ons toegang te verleen nie. Na alles is waarheid sekerlik waarheid?

## **Galliova**

Julle sal meer oor Galliova lees in die artikel deur Christopher Mason en ek is bly om te berig dat dit weer 'n baie goeie toekenningsdag was. Die Galliova-toekennings hou aan om Suid-Afrika se eierbedryf 'n baie positiewe beeld onder ons kos-, gesondheidskrywers en verslaggewers te gee.

## **Regering interaksies**

Die Departement van Arbeid oorweeg sektorale vasstellings vir die abattoir sektor, nie net die pluimvee sektor nie. Hulle is ten volle geregtig om dit te doen volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Ons het met hulle ontmoet om die inligting wat hulle nodig het om 'n evaluasie te doen oor die behoefte en impak van sektorale vasstellings, te bespreek. Ons het min tyd en sal al die abattoir-eiernaars binnekort vir die nodige data vra.

Ek dink 'n aantal van julle weet dat die Landbouprodukstandaarde Wysigingswetsontwerp gereed is vir die volgende stap in die veranderingsproses, naamlik voorlegging aan Nedlac (Nasionale Ekonomiese Ontwikkeling en Arbeidsraad). Ons was bekommerd oor wat ons beskou as 'n paar onsekerhede in die bewoording, maar na gesprekke met die DvLBV is ons gerus dat die wysiging die nodige sal bereik: om produksie-prosesse rondom 'graan gevoed', 'omega-3-verryk', 'vrylopend', ens. relatief goedkoop te reguleer. Dit gaan nog 'n tydjie neem voordat die wet voor die parlement verskyn, en van die vrylopende regulasies sal hersien moet word om te verseker dat dit nog van pas is. Ons het met die DvLBV ooreengekom om die regulasies vir vrylopende pluimvee te begin hersien sodra die wetsontwerp reg is om parlement toe te gaan. Dit is om die tyd vanaf goedkeuring van die wysigings tot publikasie van die regulasies te probeer bespoedig.

Minister Zokwana het verlede maand 'n diensleweringforum gehou. Dit is deel van die regering se manier om terugvoer aan belanghebbendes te gee oor wat die departement vir die verskillende produsente doen. Die formaat het nie vir veel bespreking toegelaat nie, maar het die minister en 'n paar van sy personeellede die geleentheid gegee om hulle gedagtes en planne te verwoord. As ek reg verstaan sal daar sal daar ten minste elke jaar so 'n vergadering gehou word.

Baie van julle sou al oor Apap, of die landboubeleid-aksieplan gelees het. Die Kanadese konsep van 'n waardeketting rondetafel (WKRT) is aangeneem sodat die bedryf formele insette in Apap kan lewer. Daar word 'n WKRT vir pluimvee, voer en graan (mielies en soja) gestig. 'n Vergadering is verlede maand met die DvLBV gehou as voorbereiding vir eerste WKRT op 25 November. Die idee is om die eerste vergadering te gebruik om die verskillende werkstrome te ontwikkel wat ons nodig het om Apap te lei en die begrotingstoekennings te beïnvloed. Dit is 'n nuwe idee vir ons en kan daarom 'n rukkie neem voordat die WKRT iets sinvol begin vermag. Die idee klink uitstekend en ek sien uit daarna.

'n Opvolg-vergadering is verlede maand met die Gauteng Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling gehou oor die abattoir-projek. Die projek vorder nie weens die veranderinge in ons sekretariaat en die oop poste. Realisties sal daar dié jaar nie veel daaraan gedoen word nie, maar ons moet begin om resultate te lewer kort na die aanstelling van die Senior Uitvoerende Bestuurder.

## **Algemeen**

Die Proteïennavorsingstigting het verlede maand sy 25ste jaar in prag en praal in Pretoria gevier. Baie van die goeie werk oor sojaboonkultivars in ons klimaatstoestand word met hulle hulp gedoen. Dit is duidelik dat dit moeilik sal wees om die tempo van groei in soja-aanplantings te onderhou sonder nuwe kultivars. Slegs wanneer ons 'n netto uitvoerder van sojabone of soja-oliekoek word sal pryse begin om meer mededingend vir ons te wees, die belangrikste verbruikers van die produk.

Die halfjaarlikse vergadering tussen ons en die Universiteit van Pretoria, bekend as die PMAC-vergadering, is verlede maand gehou. Die vergadering resenseer die werk van die navorsingsprofessoraat wat julle borg. Ek moedig julle aan om die verslae oor die werk van haar span te lees. Gee asseblief enige idees wat julle oor navorsingswerk het wat ons moet doen aan Christopher Mason.

Die datum vir Avi Africa is bevestig en ons is al aan die gang met die aanvanklike beplanning van die geleentheid. Ons sal enige idees verwelkom wat die konferensie, Jaarlikse Algemene Vergaderings, sosiale geleenthede of uitstallings kan verbeter. Gee dit asseblief aan my of Christopher Mason.

Ek dink baie van julle is daarvan bewus dat AgriSA 'n nuwe uitvoerende hoof gaan kry. Hans van der Merwe tree na sy lang dienstydpark af. Ek het met die nuwe uitvoerende hoof, Omri van Zyl, gesels oor ons moontlike betrokkenheid in georganiseerde landbou. Dit sal op 'n ander vlak wees as waar ons nou optree. Baie van die SAPV-lede sien hulself nie in die Kommoditeitskamer van AgriSA inpas nie. Dit is ons grootste beperking teen lidmaatskap. Dit maak nie sin om in 'n klein landjie soos ons s'n (volgens die groote van die bedryf en die hoeveelheid betrokkenes) verskeie verteenwoordigende kommoditeitsliggame te hê nie. Hoe kan ons almal dan gemaklik laat voel? Nog geen antwoord nie, maar verdere gesprekvoering sal die SAPV met sy besluite help.

Die jaarlikse AFMA simposium (Vereniging van Vervaardigers van Dierervoedsel) en WPSA dag (Wêreldvereniging vir Pluimveewetenskap Suid-Afrika) is verlede maand gehou. Beide bly gewild en bring 'n groot verskeidenheid mense uit die voer- en pluimveebedryf saam om meer te leer oor tegniese kwessies in die onderskeie velde.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte